OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK

TENDERKENNISGEWING

VERKOOP OF VERHURING VAN LADYBRAND PLASE

Tenders word ingewag vir die gesamentlike verkoop van die volgende plase:

Restant van plaas Melrose 38, distrik Ladybrand, Provinsie Vrystaat
Grootte 275,4776 (Twee honderd vyf en sewentig komma vier sewe sewe ses) hektaar en

Gedeelte 2 van die plaas Melrose 38, distrik Ladybrand, Provinsie Vrystaat
Grootte 23,1996 (Drie en twintig komma een nege nege ses) hektaar.

LIGGING

- Ry vanaf Ladybrand op die Groep 36 afdraai, by die vurk hou links, ry deur die drif en na ongeveer 10 kilometers is die plaas aan die regterkant van die pad.

1. **VERBETERINGS**

Daar is geen geboue op die plaas nie.

2. **WATER**

Die eiendom beskik oor waterregte.

OVK waarborg nie die voornemende inligting met betrekking tot die hoeveelheid/kwaliteit van die water nie.

3. **REGSPERSONE**

Indien ‘n potensiële koper ’n regspersoon is, sal die direkteure / trustees / lede / vennote resolusies op aanvraag moet verskaf.

4. **DEPOSITO TEN OPSIGTE VAN KOOP**

By aanvaarding van die tender sal die koper ’n deposito van 10% betaal by ondertekening van die koopkontrak en moet die Koper binne 21(een en twintig) dae nadat die verkoping bekragtig is, waarborge vir die balans van die koopprys lewer.

Indien die plaas verhuur word moet die eerste 2 (twee) maande se huur binne 5 dae na aanvaarding van die huurkontrak vooruit betaal word.

Die huurkontrak sal met die toestaan van die tender opgestel word.

5. **TENDERDOKUMENT**

Slegs tenders wat op die voorgeskrewe tenderdokument gedoen word en volledig voltooi is, sal

oorweeg word. Tenderdokument kan verkry word by Erica Venter, telefoon nommer 051-9234518,e-posadres: regsdienste@ovk.co.za.

5.1 TENDERS KAN GE-EPOS WORD NA **regsdienste@ovk.co.za** EN GEMERK WORD "TENDER: KOOP/HUUR VAN LADYBRAND PLAAS VIR AANDAG BESTUURDER REGSDIENSTE ERICA VENTER, MOET VOOR **12 JUNIE 2024** OM **12:00** INGESTUUR WEES.

5.2 Die hoogste en / of enigste tender sal nie noodwendig aanvaar word nie, sonder opgaaf van redes.

5.3 Die aanbod wat aanvaar word sal skriftelik gekommunikeer word aan die suksesvolle tenderaar voor **18 JUNIE 2024.**

5.4 Die suksesvolle tenderaar kan okkupasie neem wanneer die tender toegestaan word op die terme en voorwaardes soos uiteengesit in die koopkontrak.

6. VOORAF BESIGTING

Vir vooraf besigtiging skakel met: Edwin Brand 051- 923 4773

TENDER VIR AANKOOP OF HUUR VAN EIENDOM

Ek, die ondergetekende,_____

Volle naam van persoon of regspersoon

Identiteitsnommer / Registrasienommer van regspersoon: _____

Fisiese adres: _____

Posadres: _____

Telefoonnommer: _____Epos adres: _____

tender hiermee om die eiendom bekend as

- Restant van plaas Melrose 38, distrik Ladybrand, Provinsie Vrystaat
  Grootte 275,4776 (Tweehonderd vyf en sewentig komma vier sewe sewe ses) hektaar

en

- Gedeelte 2 van die plaas Melrose 38, distrik Ladybrand, Provinsie Vrystaat
  Grootte 23,1996 (Drie en twintig komma een nege nege ses) hektaar.

Te koop of te huur op die terme van voorwaardes vervat in die hiernagemelde koopkontrak.

Nota: 1. Tenderaar moet:

1.1 sy naam in klousule 1.1 van die aangehegde koopkontrak voltooi, en ingeval van ‘n regspersoon ook in klousule 1.1 aandui wie die regspersoon verteenwoordig.

1.2 die koopsom in klousule 4.1 van die hiernagemelde koopkontrak voltooi;

1.3 sy *domicilium* besonderhede in klousule 15.1 van die koopkontrak voltooi;

1.4 elke bladsy van die tenderdokument saam met twee getuies parafeer en op die laaste bladsy onderteken, waar aangedui word dat die koper en sy getuies moet teken;

1.5 verseker dat by sy tender aangeheg is, ‘n aanvaarbare skriftelike bewys deur ‘n Suid Afrikaanse handelsbank, waarin bevestig word dat finansiering onvoorwaardelik ter vereffening van die tender bedrag plus BTW, toegestaan is en dat die betrokke bank, ‘n waarborg, vir betaling van die koopsom binne 21 dae vanaf aanvaarding van tender, sal uitreik.

1.6 in gevalle van regspersone ’n volledige getekende resolusie verskaf waarin besluit is dat die verteenwoordiger van die Tenderaar magtiging verleen is om te tender namens die regspersoon.

1.7 Alle nodige FICA dokumente moet aangeheg word aan die Tenderdokument.

KOOPKONTRAK

DIE PARTYE

1. Die **PARTYE** tot die **OOREENKOMS** is:

1.1 _____

Volle naam van persoon of regspersoon (in geval van 'n regspersoon, hierin verteenwoordig deur _____in sy hoedanigheid as _____, behoorlik daartoe gemagtig en handelende kragtens resolusie)
Identiteitsnommer / Registrasienommer van regspersoon: _____

- en -

1.2 **OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK Registrasienommer 1999/004069/06** hierin verteenwoordig deur Stefan Oberholzer in sy hoedanigheid as Besturende Direkteur en behoorlik daartoe gemagtig

ALGEMEEN

2.1 **Omskrywing**

In die **OOREENKOMS** tensy die teendeel duidelik uit die samehang blyk, sluit die enkelvoud die meervoud in en omgekeerd, dui enige verwysing na enige geslag ook die ander geslagte aan, sluit enige verwysing na natuurlike persone regspersone in en omgekeerd en het die woorde in die eerste kolom die betekenis aangegee in die tweede kolom, naamlik-

2.1.1	die **VERKOPER**	Die **PARTY** vermeld in Klousule 1.2;
2.1.2	die **KOPER**	Die **PARTY** vermeld in Klousule 1,1;
2.1.3	die **EIENDOM**	Restant van plaas Melrose 38, distrik Ladybrand, Provinsie Vrystaat Grootte 275,4776 (Tweehonderd vyf en sewentig komma vier sewe sewe ses) hektaar en Gedeelte 2 van die plaas Melrose 38, distrik Ladybrand, Provinsie Vrystaat Grootte 23,1996 (Drie en twintig komma een nege nege ses) hektaar.

2.1.4	die **PARTYE**	‘n Kollektiewe verwysing na die **KOPER** en **VERKOPER** en beteken “’n **PARTY”** een van hulle;
2.1.5	‘n **DAG**	Enige dag van die week, maar sluit nie Saterdae, Sondae en Suid-Afrikaanse Openbare Vakansiedae in nie;
2.1.6	die **OORDRAGGE-WENDE PROKUREUR**	Mnre Du Toit Louw Botha Prokureurs, Piet Retiefstraat 81, Ficksburg
2.1.7	die **OOREENKOMS**	Die Vervreemdingsakte soos bedoel in Artikel 1 van die ***Wet op Vervreemding van Grond nr 68 van 1981*** soos gewysig ten aansien van die **EIENDOM** en soos uiteengesit in hierdie dokument tussen die **KOPER** en die **VERKOPER;**
2.1.8	die **ONDERTEKENINGS-DATUM**	Die datum van ondertekening van die **OOREENKOMS** deur die **PARTY** wat laaste teken.

2.2 **Verslapping**

Geen verlenging van tyd of ander toegewing wat deur die **VERKOPER** aan die **KOPER** toegestaan mag word, sal beskou word dat dit afbreuk doen aan enige van die regte van die **VERKOPER** kragtens die **OOREENKOMS** nie, of dat dit sodanige regte enigsins beïnvloed of benadeel nie.

2.3 **Uitsluiting van ander afsprake**

Die **OOREENKOMS** kanselleer en vervang alle kontrakte aangegaan tussen die **PARTYE** voor datum hiervan en geen wysiging, aanvullings of ooreengekome kansellasie van die **OOREENKOMS** sal van krag wees tensy dit op skrif gestel en deur die **PARTYE** onderteken is nie.

2.4 **Opskrifte van die klousules**

Die opskrifte van die klousules van die **OOREENKOMS** is alleen vir verwysingsdoeleindes aangebring en sal nie die uitleg van die **OOREENKOMS** beïnvloed nie.

VERKOOP

Die **VERKOPER** verkoop hiermee aan die **KOPER** wie hiermee koop die **EIENDOM** op die terme en voorwaardes soos uiteengesit in die **OOREENKOMS**.

KOOPPRYS

4.1 Die koopprys van die **EIENDOM** is die som van R_____(bedrag in woorde _____) plus Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) teen standaardkoers.

4.2 Ter versekering vir die betaling van die koopprys vermeld in Klousule 4.1 sowel as die besitrente soos na verwys in klousule 6, onderneem en verbind die **KOPER** homself daartoe om 'n waarborg, uitgereik deur 'n finansiële instelling, te laat uitreik ten gunste van die **VERKOPER** of sy genomineerde welke waarborg tot bevrediging van die **VERKOPER** en/of die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** moet wees.

4.3 Die **KOPER** sal die koste van die waarborg betaal.

4.4 Gemelde waarborg moet betaalbaar wees teen registrasie van transport van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER** en moet in die hande geplaas word van die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** binne 21 (Een en twintig) dae na aanvraag daarvan.

4.5 Alle betalings in terme van die **OOREENKOMS** sal vry van wisselkoers of enige aftrekkings geskied te sodanige adres as wat die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** mag bepaal.

BESIT EN RISIKO

5.1 Die **KOPER** sal in besit en okkupasie van die **EIENDOM** geplaas word op datum van registrasie in die aktekantoor, of vroeër indien so ooreengekom word vanaf welke datum die eiendom in alle opsigte die risiko en verantwoordelikheid van die **KOPER** sal wees tensy daar skriftelik andersins ooreengekom is tussen die **PARTYE.**

5.2 Indien die **EIENDOM** of enige gedeelte daarvan deur brand of ander oorsaak hoegenaamd gedeeltelik of in geheel vernietig of beskadig word, voordat die risiko aldus oorgegaan het, sal die

KOPER geen eis teen die **VERKOPER** hê as gevolg van enige tydelike of permanente verlies van die gebruik van die **EIENDOM** nie, maar sal die **VERKOPER** geregtig wees om òf enige sodanige skade op eie koste te herstel òf die **OOREENKOMS ab initio** te kanselleer met herstelling van die **status quo ante.**

BESITRENTE

6. Indien die datum van besit nie ooreenkom met die datum van transport nie, sal die **PARTY** wat besit geniet van die **EIENDOM** terwyl dit geregistreer is in naam van die ander **PARTY** as teenprestasie daarvan en vir die duur van sodanige besit, besitrente betaal, welke besitrente:

6.1 betaalbaar sal wees maandeliks of pro rata tot datum van registrasie;

6.2 die bedrag van voormelde besitrente sal gelykstaande wees aan ABSA se prima rentekoers per jaar op die koopsom, betaalbaar vanaf datum van besitname tot datum van registrasie van **TRANSPORT** van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER.**

UITGAWES

7.1 Die **KOPER** sal vanaf datum van besit vermeld in klousule 5.1 verantwoordelik wees vir alle uitgawes ten opsigte van die **EIENDOM** ingeslote erfbelasting, versekeringpremie, water- en elektrisiteit gelewer aan die **EIENDOM** indien van toepassing.

7.2 Indien die **VERKOPER** enige bedrag aan die Plaaslike Owerheid met betrekking tot erfbelasting, heffings, ensomeer vooruitbetaal het, sal die **KOPER** ‘n proporsionele terugbetaling aan die **VERKOPER** doen indien van toepassing.

VERBETERINGS

8.1 Die **KOPER** sal -

8.1.1 nie geregtig sal wees om voor datum van registrasie van transport in sy naam enige veranderings of verbeterings aan die **EIENDOM** aan te bring sonder skriftelike toestemming van die **VERKOPER** nie.

8.1.2 die **EIENDOM** ten alle tye in dieselfde toestand van goeie herstel moet hou tot datum van registrasie van transport of teruglewering van die **EIENDOM** aan die **VERKOPER** as gevolg van die kansellasie van die **OOREENKOMS** vir watter rede ookal.

8.2 Indien die **EIENDOM** nie in dieselfde toestand van goeie herstel gehou word volgens die uitsluitlike diskresie van die **VERKOPER** nie sal die **VERKOPER** geregtig wees om sonder kennisgewing aan die **KOPER**, die **EIENDOM** te herstel en die herstelkoste van die **KOPER** te verhaal.

REGISTRASIE VAN TRANSPORT

9. Die **PARTYE** benoem hiermee die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** om toe te sien tot registrasie van transport in die naam van die **KOPER**.

REGSKOSTE

10. Die **KOPER** betaal op aanvraag aan die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS**:

10.1 alle koste in verband met die opstel en ondertekening van die **OOREENKOMS** en alle opwagtinge in verband daarmee, ongeag of daar voldoen word aan die opskortende voorwaarde al dan nie, op die skaal soos tussen prokureur en kliënt.

10.2 die hereregte wat gehef mag word op die koopprys ingevolge die bepalings van die ***Wet op Hereregte Nr 40 van 1949***, soos gewysig, indien hereregte wel betaalbaar mag wees;

10.3 alle transportfooie en uitgawes;

10.4 Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) bereken op die koste betaalbaar ingevolge die bepalings van Klousule 10.1 en 10.3.

10.5 Welke kostes ookal soos versoek van die OORDRAGGEWENDE PROKUREURS.

DATUM VAN TRANSPORT

11.1 Die transport sal gepasseer word sodra die koste vermeld in klousule 10 hierbo en alle heffings ten volle betaal en die koopprys, sowel as die rente daarop, ten volle gewaarborg of betaal is, of

verbande (indien enige) vir die balans van die koopprys gereël is.

11.2 Die **PARTYE** kom ooreen om op skriftelike versoek van die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** alle dokumente te onderteken en alle ander handelinge te verrig wat volgens die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** nodig mag wees ten einde die registrasie van oordrag van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER** so spoedig as moontlik te laat geskied en om andersins uitvoering te gee aan die bepalings van die ooreenkoms.

TITELVOORWAARDES

12.1 Die **EIENDOM** word verkoop soos dit beskryf word in die bestaande of enige titelbewys daarvan en onderworpe is aan al die voorwaardes, beperkings en serwitute (indien enige) daarin vermeld en waarna verwys word.

12.2 Die **VERKOPER** sal nie aanspreeklik wees vir enige tekort indien die **EIENDOM** weer opgemeet word nie, maar sal ook nie enige voordeel trek indien daar 'n surplus is nie.

VOETSTOOTS

13.1 Die **KOPER** erken hiermee dat hy die **EIENDOM** besigtig het, tevrede is daarmee en dit voetstoots koop.

13.2 Die **KOPER** verbind hom verder hiermee en verklaar dat hy nie geregtig sal wees om enige aksie voortspruitend uit die **OOREENKOMS** in te stel teen die **VERKOPER**, of sy Agent, vir enige gebrek (hetsy sigbaar of verborge) aan die **EIENDOM** of die verbeteringe daarop, of vanweë enige voorstellinge of waarborg deur die **VERKOPER** of sy Agent in verband met die **EIENDOM** gemaak nie.

JURISDIKSIE

14.1 Die **PARTYE** stem hiermee toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof vir enige aksie wat uit die **OOREENKOMS** mag voortvloei.

14.2 Die **PARTYE** behou egter ook die reg voor om volgens hulle keuse sodanige aksie in die Hooggeregshof in te stel en\of hofkoste volgens die Hooggeregshoftarief te vorder.

DOMICILIUM

15. KENNISGEWINGS EN *DOMICILIUM*

15.1 Die partye kies hiermee as hulle onderskeie *domicilium citandi et executandi* vir die doeleindes van enige regsproses en vir die doeleindes van die gee of versending van enige kennisgewing ingevolge die bepalings van hierdie ooreenkoms, die volgende adresse:

Die VERKOPER

Fisiese adres	Posadres	E-pos
Dan Pienaarstraat 19	Posbus 96	ovk@ovk.co.za
Ladybrand	Ladybrand	regsdienste@ovk.co.za
9745	9745	

Gemerk vir die aandag van die Bestuurder Regsdienste.

Die KOPER

Fisiese adres	Posadres	E-pos
_____	_____	_____
_____	_____	
_____	_____	

Op voorwaarde dat 'n party van tyd tot tyd enige van sy adres kan verander na 'n ander fisiese adres, posadres, binne die Republiek van Suid-Afrika deur aan die ander party skriftelik kennis te gee van sodanige verandering. Sodanige verandering van adres sal van krag wees sewe dae na ontvangs van kennisgewing van wysiging van domicilium.

15.2 Alle kennisgewing gegee in terme van hierdie ooreenkoms, sal skriftelik wees en sal:

15.2.1 indien per hand afgelewer word gedurende normale besigheidsure, geag sal word ontvang te gewees het op die datum van aflewering;

15.2.2 indien gestuur per epos voor 16:30 op enige besigheidsdag geag ontvang te gewees het op die datum waarop die versending daarvan suksesvol geskied het. Enige epos gestuur na 16:30 of op 'n dag wat nie 'n besigheidsdag is nie, sal dit geag word ontvang te gewees het op die daaropvolgende besigheidsdag.

15.2.3 Ondanks die voorafgaande, sal enige kennisgewing wat inderdaad deur 'n party, aan wie die kennisgewing geadresseer is, ontvang is, geag word ooreenkomstig die bepalings van hierdie ooreenkoms gegee te gewees het, nieteenstaande die feit dat sodanige kennisgewing nie ooreenkomstig die voormelde voorskrifte gegee was nie.

KONTRAKBREUK

16.1 In geval die **KOPER** versuim om op die vervaldatum enige van die terme of voorwaardes van die **OOREENKOMS** na te kom sal die **VERKOPER** of sy agent die reg hê om na 14 (VEERTIEN) dae skriftelike kennisgewing gerig aan die koper om die versuim na te kom om die terme of voorwaardes na te kom,

16.1.1 die **OOREENKOMS** te kanselleer deur kennis te gee aan die **KOPER**, waarna die **KOPER** alle bedrae betaal aan die **VERKOPER** of sy agent in terme hiervan sal verbeur sonder benadeling van die **VERKOPER** se ander regte en remedies en die reg om skadevergoeding te eis.

OF

16.1.2 om onmiddellike betaling van die koopprys en die voldoening aan al die terme en voorwaardes van die **OOREENKOMS** te eis.

16.2 In geval van kansellasie van die **OOREENKOMS** ingevolge die bepalings van Klousule 16.1.1 sal die **VERKOPER** geregtig wees om onmiddellik besit van die **EIENDOM** te neem en om die **KOPER** of enige okkupeerder wat sy regte verkry het van die **KOPER** onmiddellik die **EIENDOM** te laat ontruim.

16.3 Indien die **VERKOPER** dit vereis, moet die **KOPER** enige voltooide en/of onvoltooide gebou of strukture of ander roerende bates van die **KOPER** vanaf die **EIENDOM** op sy koste verwyder en die **EIENDOM** verder netjies maak op sy koste en wel tot bevrediging van die **VERKOPER**.

16.4 Die **KOPER** sal geen reg van verhaal teen die **VERKOPER** hê ten aansien van enige verbeterings deur hom aangebring aan die **EIENDOM** nie en sal verder ook geen retensie reg op

sodanige verbeterings hê nie.

16.5 Die **KOPER** onderneem verder hiermee om alle regskoste (op die skaal soos tussen prokureur-en kliënt) hoegenaamd wat deur die **VERKOPER** aangegaan mag word in verband met enige stappe wat die **VERKOPER** teen die **KOPER** mag instel in verband met of voortspruitend uit die **OOREENKOMS** insluitende invorderingskoste teen 10 % (tien persent) op enige kapitale bedrag en koste voor of na vonnis te betaal, plus rente daarop bereken ooreenkomstig die koers soos vermeld in klousule 17.

RENTE OP LAAT BETALINGS

17.1 Indien die **KOPER** versuim om enige bedrag ingevolge die **OOREENKOMS** op die vervaldatum daarvan te betaal, dra sodanige bedrag vir die tydperk wat die **KOPER** in verstek is, rente teen 'n koers van Absa prima rentekoers plus 5% per jaar.

17.2 Die gemelde rente daagliks bereken te word en maandeliks gekapitaliseer en verder sal rente op aanvraag betaalbaar wees deur die **KOPER**.

AGENTEKOMMISSIE

18. Die **KOPER** vrywaar die **VERKOPER** van betaling van enige agentekommissie hoegenaamd indien enige agent te enige tyd sou aanspraak maak op betaling van agente kommissie deur die **VERKOPER**.

MEERDERE PARTYE

19. Indien die **VERKOPER** en die **KOPER** meer as een (1) persoon is, sal al die **PARTYE** wat tot die **OOREENKOMS** dan optree as **VERKOPER** en **KOPER** wat die geval mag wees, gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik wees vir die behoorlike vervulling van hulle respektiewelike verpligtinge onder die **OOREENKOMS** en doen die **PARTYE** hiermee afstand van die voordele voortspruitend uit die regseksepsies ***de duobus vel pluribus reis debendi***.

REG TOT BEëINDIGING VAN OOREENKOMS

20.1 Die **PARTYE** boekstaaf hiermee dat ingevolge onder andere die bepalings van Artikel 29(A) van

die ***Wet op Vervreemding van Grond Nr 68 van 1981***, soos gewysig, die **KOPER** geregtig is om hierdie **OOREENKOMS** binne 5 (VYF) dae na die **ONDERTEKENINGSDATUM** te beëindig of die aanbod te herroep deur ‘n skriftelike kennisgewing tot dien effekte binne die gemelde tydperk aan die **VERKOPER** of sy agent (indien enige) vermeld in Klousule 18 te lewer.

20.2 Die regte waartoe die **KOPER** hieringevolge beskik, is egter beperk tot die volgende, naamlik dat:

20.2.1 die **PARTYE** nie voorheen ‘n vervreemdingsakte ten opsigte van die **EIENDOM**, of wesentlik dieselfde bedinge as in die **OOREENKOMS** aangegaan het nie;

20.2.2 die **KOPER** nie die reg voorbehou het om ‘n ander persoon aan te wys of te nomineer om sy regte en verpligtinge kragtens die **OOREENKOMS** oor te neem nie;

20.2.3 die **KOPER** nie die **EIENDOM** koop deur die uitoefening van ‘n Opsie of Aanbod wat vir ten minste 5 (vyf) dae oop was nie;

ALDUS GEDOEN en GETEKEN te _____ op hede die _____ dag van _____2024.

AS GETUIES:

1. _____

2. _____ _____

KOPER

ALDUS GEDOEN en GETEKEN te _____ op hede die _____ dag van _____ 2024.

AS GETUIES:

1. _____

2. _____ _____

VERKOPER

HUURKONTRAK

MEMORANDUM VAN OOREENKOMS AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK
Registrasienommer: 1999/004069/06

hierin verteenwoordig deur DIRK POSTMA DU PLESSIS in sy hoedanigheid as HOOFBESTUURDER: KORPORATIEWE DIENSTE

(hierna die **VERHUURDER** genoem)

En

_____

Registrasienommer: _____

hierin verteenwoordig deur _____ in sy hoedanigheid as _____, behoorlik daartoe gemagtig

(hierna die **HUURDER** genoem)

AANGESIEN die VERHUURDER die eienaar is van die Plase bekend as

- **Restant van plaas Melrose 38, distrik Ladybrand, Provinsie Vrystaat**
  Grootte 275,4776 (Twee honderd vyf en sewentig komma vier sewe sewe ses) hektaar en

- **Gedeelte 2 van die plaas Melrose 38, distrik Ladybrand, Provinsie Vrystaat**
  Grootte 23,1996 (Drie en twintig komma een nege nege ses) hektaar.

EN AANGESIEN die VERHUURDER ingestem het om voormelde grond soos hierbo genoem, aan die HUURDER te verhuur op die terme en voorwaardes hierna uiteengesit.

(hierna die **EIENDOM** genoem)

NOU DERHALWE kom die Partye ooreen dat die VERHUURDER die EIENDOM hiermee aan die HUURDER verhuur en dat die HUURDER die EIENDOM van die VERHUURDER huur op die terme en voorwaardes hierna uiteengesit.

DEFENISIES EN INTERPRETASIE

“Besigheidsdag”	Enige dag behalwe ‘n Saterdag, Sondag of Openbare vakansiedag, ooreenkomstig die Wet op Openbare Vakansiedae 36/1994 gepubliseer;
“Dag”	Enige kalenderdag;
“Jaar”	‘n Tydperk van 12 opeenvolgende maande;
“Jaarliks”	‘n Jaar wat aanvang neem op die datum waarop hierdie huurkontrak in werking tree;
“Maand”	‘n Kalendermaand;
“ die Plaas”	die Eiendom, verbeterings en toerusting.
“ die Verbeteringe”	die geboue, installasies, draadheinings, besproeiingswerke, strukture, damme en paaie tesame met enige integrale masjinerie wat deel vorm van voormelde sowel as spilpunte, melkstaltoerusting en kragopwekkers indien enige;
“ die Huurtydperk”	die tydperk waarvoor hierdie huurkontrak voortduur, met inbegrip van enige tydperk waarvoor dit hernu word;
“maand”	‘n Kalendermaand en in die besonder met verwysing na ‘n aantal maande vanaf spesifieke datum. ‘n Kalendermaand wat ‘n aanvang neem op daardie datum of op dieselfde datum van enige daaropvolgende maand. In enige ander samehang is dit een van die 12 maande van die kalender en maandeliks het die ooreenstemmende betekenis.
“ die Toerusting”	die roerende aanleg en toerusting wat die VERHUURDER besit;
“ die Eiendom”	sluit in die plaas en enige verbeterings daarop in;
“Jaar”	‘n tydperk van 12 opeenvolgende maande en “jaarliks” verwys na ‘n jaar wat aanvang neem op die datum waarop hierdie huurkontrak in werking tree.
“Ooreenkoms”	Verwys na hierdie huurkontrak tesame met enige aanhangsels;
“OVK verstek rente”	Beteken die prima-uitleenkoers, soos van tyd tot tyd vasgestel, plus 8%;
“Party”	Verwys na die VERHUURDER of die HUURDER onderskeidelik;
“Partye”	Verwys na beide die VERHUURDER en die HUURDER;
“POPIA”	Beteken die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, wet 4 van 2013.

"Vorderings", heffings, belastings, gelde of ander bedrae wat die VERHUURDER aan enige owerheid wat jurisdiksie oor die Eiendom het wat voortspruit uit die eiendomsreg en gebruik van die eiendom moet betaal.

Die ooreenkoms sal ooreenkomstig die volgende bepalings geïnterpreteer word:

(i) Enige verwysing na die enkelvoud sluit die meervoud in en omgekeerd;
(ii) Enige verwysing na een geslag sluit die ander geslag in;
(iii) Enige verwysing na 'n persoon sluit natuurlike en regspersone in en enige verwysing na 'n natuurlike persoon sluit 'n regspersoon in en omgekeerd;
(iv) Opskrifte is bloot vir verwysings doeleindes en sal nie in die interpretasie van die inhoud van die klousule in ag geneem word nie;
(v) Enige bepaling wat 'n beperking of verbod op die HUURDER plaas moet op so 'n wyse geïnterpreteer word dat die beperking of verbod op enige persoon wat die EIENDOM of enige gedeelte daarop betree ook betrekking het, en sluit in familie, gaste, werknemers, agente en verteenwoordigers. Die HUURDER moet toesien dat persone daaraan voldoen;
(vi) Waar 'n lys items genoem word of volg op die woorde "insluitend" of "beperk", sal die *eiusdem generis* reël nie geld nie;
(vii) Die HUURDER erken dat hy die geleentheid gehad het om regsadvies aangaande hierdie ooreenkoms in te win en kom ooreen dat geen woord of bepaling wat in hierdie ooreenkoms gebruik word, tot die nadeel van 'n party geïnterpreteer sal word omdat daardie party verantwoordelik was vir die voorbereiding of opstel van hierdie ooreenkoms of enige deel daarvan nie;
(viii) Wanneer 'n tydperk bereken word, is die eerste dag uitgesluit en die laaste dag ingesluit, tensy die laaste nie 'n besigheidsdag is nie, in welke geval die laaste dag op die eerste daaropvolgende besigheidsdag sal val;
(ix) Hierdie ooreenkoms mag uitgevoer word in enige aantal kopieë, waarvan almal saam een ooreenkoms daar sal stel.

1. VERHURING EN HUUR

Die VERHUURDER verhuur en die HUURDER huur die EIENDOM ingevolge die terme van hierdie ooreenkoms.

2. GEBRUIK

Die HUURDER sal die EIENDOM alleenlik gebruik om die volgende boerderybedrywighede te bedryf:

2.1.1 Vee;

2.1.2 Saai;

2.1.3 Produsering van melk;

2.14 Verbouing van gewasse:

2.1.5 Aanplant van veevoer;

en mag nie vir enige ander doel hoegenaamd gebruik word sonder die voorafverkreë toestemming van die VERHUURDER nie.

Die EIENDOM sal nie so gebruik word dat daar skade daaraan veroorsaak word nie.

Die HUURDER sal nie geregtig wees om enige geskrif of advertensie-aanhegtings op die geboue of vensters van geboue op die EIENDOM aan te bring sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die VERHUURDER nie, welke toestemming nie onredelik weerhou sal word nie. Indien skriftelike toestemming verleen word vir die aanbring van enige geskrif of advertensietekens, soos vermeld, sal die HUURDER verplig wees om by beëindiging van hierdie huurkontrak op eie koste sodanige skrif en/of advertensietekens te verwyder tot tevredenheid van die VERHUURDER.

Die HUURDER sal die boerderybedrywighede op eie koste beman en enige wins of verlies sal vir sy rekening wees.

Die VERHUURDER waarborg nie dat die EIENDOM geskik is vir die doeleindes van die HUURDER nie en derhalwe bevestig die HUURDER dat ’n inspeksie ter enige tyd voor okkupasie saam met die VERHUURDER op die EIENDOM uitgevoer kan word ten einde die geskiktheid daarvan self te bepaal.

3. TERMYN VAN HUUR

Die huurkontrak sal wees vir ‘n tydperk van 12 (twaalf) maande en sal strek vanaf **1 Julie 2024** tot en met **30 Junie 2025 ,** waarby dit outomaties tot ‘n einde sal kom**.**

4. HUURGELD

4.1 Huurgeld betaalbaar deur die HUURDER aan die VERHUURDER sal wees die bedrag van **R_____** plus BTW per maand. welke huurgeld vooruitbetaalbaar is, sonder enige aftrekking of skuldvergelyking voor of op die **7de (sewende) dag van elke maand**, deur middel van direkte inbetaling of elektroniese-fonds-oorplasing (“EFT”), te adres van die VERHUURDER of by sodanige ander adres as wat die VERHUURDER van tyd tot tyd skriftelik mag aandui.

5. DEPOSITO

5.1. Die Huurder sal by ondertekening van die ooreenkoms of op die aanvangsdatum soos in paragraaf 3. genoem, welke ook al eerste plaasvind, aan die VERHUURDER ‘n deposito gelykstaande aan een maand se huurgelde betaal, welke deposito die VERHUURDER te enige tyd gedurende die duur van die huurkontrak mag aanwend ter nakoming van enige verpligting van die HUURDER in terme van die huurkontrak, wat die HUURDER versuim om na te kom.

5.2 Indien die VERHUURDER gedurende die duur van die huurkontrak enige deel van die deposito, soos voormeld sou aanwend ter nakoming van enige van die verpligtinge van die HUURDER, sal die HUURDER enige sodanige deel van die deposito wat die VERHUURDER aldus aangewend het, weer op aanvraag aanvul.

5.3. Sodra die VERHUURDER by beëindiging van die huurkontrak, tevrede is dat die HUURDER al sy verpligtinge in terme van die huurkontrak nagekom het, sal die VERHUURDER die deposito soos voormeld, of sodanige gedeelte daarvan, wat nie soos voormeld reeds aangewend is nie, aan die HUURDER terugbetaal.

6. MUNISIPALE DIENSTE: WATER EN ELEKTRISITEIT

6.1 Die HUURDER sal verantwoordelik wees om al die koste verbonde aan die verbruik van water en elektrisiteit direk aan die plaaslike owerhede te betaal.

6.2 Indien dit nodig sou wees dat die VERHUURDER enige bedrag aan sodanige owerhede moet betaal, is die VERHUURDER geregtig om hierdie kostes van die HUURDER te verhaal.

6.3 Die HUURDER sal voor of op die 25ste dag van elke maand skriftelike bewys aan die VERHUURDER lewer dat die HUURDER alle bedrae soos deur die HUURDER verskuldig aan die toepaslike owerhede soos voormeld, betaal het.

6.4 Die VERHUURDER kan nie die ononderbroke toevoer van water of elektrisiteit waarborg nie en gevolglik kan die VERHUURDER nie deur die HUURDER aanspreeklik gehou word vir enige skade in die verband gely nie.

7. RENTE EN REGSKOSTES

7.1 Die HUURDER stem toe om rente, bereken teen 'n koers gelykstaande aan OVK Verstek rente, te betaal op enige agterstallige huurgeld of ander agterstallige gelde vir die termyn waarvoor dit agterstallig is, bereken op ‘n daaglikse basis en maandeliks gekapitaliseer.

7.2 Indien die VERHUURDER besluit om voort te gaan met toepaslike regstappe teen die HUURDER ten einde die VERHUURDER se regte te beskerm sal die HUURDER aanspreeklik wees vir alle uitgawes en regskoste aangegaan op ‘n skaal tussen prokureur en eie kliënt. Die koste sal betaalbaar wees op skriftelike aanvraag vanaf die VERHUURDER alternatiewelik die opdraggewende prokureurs of andersins ooreenkomstig ‘n hofbevel.

8. SESSIE EN ONDERVERHURING

Die HUURDER mag nie, behalwe met die voorafgaande skriftelike toestemming van die VERHUURDER, al die of enige van die regte van die HUURDER kragtens die huurkontrak sedeer, die EIENDOM in geheel of gedeeltelike onderverhuur of besit van die EIENDOM aan enige derde party afstaan nie.

9. PLIGTE VAN DIE HUURDER

Die HUURDER moet:

9.1 die boerderybedrywighede waarvoor die EIENDOM verhuur word op ’n ywerige wyse uitvoer en korrekte boerdery- en diereversorgingspraktyk in die algemeen volg, maar moet ook aanvaarde boerderypraktyk in die distrik waarin die EIENDOM geleë is volg. Die EIENDOM, mag nie deur die HUURDER oorbewerk /oorbewei word nie;

9.2. nie enige wet, serwituut, lisensie of permit betreffende die gebruik van water oortree nie;

9.3 tydens elke toepaslike seisoen die lande ploeg, bewerk en bemes en sodanige lande of enige van hulle van tyd tot tyd soos wat nodig mag wees, herplant met goeie saad waar dit nodig is dat oeste gelewer kan word;

9.4 toesien dat redelike stappe geneem word om landerye vry van oortollige onkruid en gifplante gehou word;

9.5 alle brandstroke oop en vry van enige vlambare stowwe hou;

9.6 nie toelaat dat enige diere van enige beskrywing wat nie deur die HUURDER besit word op die EIENDOM wei nie;

9.7 nie te eniger tyd gedurende die duur van hierdie huurkontrak toelaat dat ’n kudde groter as die voorgestelde getal van die tipe kudde in die distrik per hektaar van die EIENDOM wat nie bewerk word nie, wei nie, met dien verstande dat die HUURDER enige aantal diere wat op stal gevoed word op die EIENDOM mag hou, mits behoorlike stalle en akkommodasie vir hulle bestaan of deur die HUURDER opgerig word;

9.8 nie enige van die titelvoorwaardes van die EIENDOM of enige van die wette, reëls of regulasies wat betrekking het op eienaars, huurders of okkupeerders van die EIENDOM oortree nie;

9.9 nie enige openbare oorlas veroorsaak of pleeg nie;

9.10 die VERHUURDER vrywaar teen enige eise van welke aard ook al wat die HUURDER se werknemers en alle persone woonagtig op die EIENDOM mag hê;

9.11 met beëindiging van die huurkontrak die EIENDOM ontruim en die VERHUURDER ongestoorde besit van die EIENDOM gee. Die EIENDOM moet in dieselfde toestand aan die VERHUURDER terug gegee as wat dit ontvang was, redelike slytasie in ag geneem.

10. **ONDERHOUD**

Die HUURDER moet op eie koste en sonder om enige fondse vanaf die Verhuurder te verhaal –

10.1.1 vir die volle huurtydperk die EIENDOM en alle dele daarvan in goeie orde en toestand onderhou;

10.1.2 alle skade wat van tyd tot tyd gedurende die huurtydperk aan die Verbeteringe en die Toerusting voorkom, wat ook al die oorsaak van sodanige skade, dadelik regmaak en herstel en alle sodanige items wat gebreek, verlore geraak het of vernietig is, weereens ongeag die oorsaak, vervang en sonder om afbreuk te doen aan die algemene strekking van voormelde, vir die volle tydperk van hierdie huurkontrak;

10.1.3 by die beëindiging van hierdie huurkontrak, hoe ook al en wanneer ook al dit eindig ,die EIENDOM en alle dele daarvan in goeie orde en toestand van herstel, met uitsondering van redelike slytasie, terug besorg aan die VERHUURDER, met dien verstande dat die VERHUURDER nie verplig sal wees om die HUURDER te vergoed vir enige uitgawes deur die HUURDER aangegaan om sy verpligtinge van onderhoud, herstel en vervanging kragtens hierdie huurkontrak na te kom nie.

10.2 Indien die HUURDER versuim om enige van sy verpligtinge kragtens hierdie huurkontrak betreffende enige onderhoud, herstel of vervanging na te kom, is die VERHUURDER geregtig, sonder benadeling van enige van sy ander regte of remedies, om die vereiste onderhoud, herstel of vervanging te laat doen en om die koste daarvan op aanvraag van die HUURDER te verhaal.

11. **VERBETERINGS OF VERANDERINGS: HUURDER**

Die HUURDER sal nie enige tydelike of permanente veranderings, van enige aard hoegenaamd, aan die EIENDOM aanbring, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die VERHUURDER nie. Enige verbeterings, van watter aard ookal wat die HUURDER aan die EIENDOM aangebring het, sal die eiendom van die VERHUURDER word en die HUURDER sal nie geregtig wees op enige reg van retensie in hierdie verband nie en ook nie op enige vergoeding daarvoor nie.

12. VERBETERINGS OF VERANDERINGS: VERHUURDER

Die VERHUURDER behou vir homself die reg voor om enige strukturele veranderings of verbeterings aan die EIENDOM of enige ander verbetering op die EIENDOM aan te bring indien die VERHUURDER dit nodig mag ag. Die HUURDER sal enige tydelike ongerief verdra en sal toegang tot die EIENDOM, of enige ander verbetering op die EIENDOM, van die VERHUURDER se agente of werknemers vir hierdie doel toelaat.

Indien die perseel moontlik in die toekoms verbeter word, kan die huurbedrag in heroorweging geneem word met vooraf skriftelike kennisgewing van een maand vanaf die VERHUURDER aan die HUURDER.

13. OESTE

Enige oes wat gedurende die Huurtydperk deur die HUURDER verbou word en nog nie ryp is by die beëindiging van hierdie huurkontrak vir welke rede ook al nie moet binne een kalendermaand na beëindiging van hierdie huurkontrak verwyder word mits die HUURDER op datum is met sy huurgeld soos bepaal in klousule 4, 5 en 6.

14. VRYWARING

Die HUURDER vrywaar hiermee die VERHUURDER teen enige eis vir enige skade of besering van enige aard aan enige persoon, dier of eiendom, gely of opgedoen op die EIENDOM of voortspruitend uit enige opsetlike of nalatige doen en late van enige persoon.

15. VERHUURDER SE REGTE VAN TOEGANG EN UITVOER VAN WERK

Die VERHUURDER se verteenwoordigers, agente, dienare en kontrakteurs mag te alle redelike tye, sonder dat dit aanleiding gee tot enige eis of aksiegrond aan die kant van die HUURDER of enige ander okkupeerder van die EIENDOM, die EIENDOM binnegaan ten einde enige deel daarvan te inspekteer, om enige nodige herstelwerk, vervangings en ander werk te doen, of om enige ander wettige funksie in die bona fide belange van die VERHUURDER of enige van die okkupeerders van die EIENDOM te verrig, maar die VERHUURDER moet verseker dat hierdie reg uitgeoefen word met behoorlike inagneming van en minimum inmenging met die voordelige genot van die EIENDOM deur die

HUURDER en diegene wat dit okkupeer.

16. SKADE AAN OF VERNIETIGING VAN DIE EIENDOM

16.1 Indien die EIENDOM vernietig word of so beskadig raak dat dit nie meer voordelig geokkupeer kan word nie, eindig hierdie huurkontrak wanneer dit gebeur tensy die partye skriftelik andersins ooreenkom.

16.2 Indien enige skade aan die EIENDOM of die vernietiging daarvan veroorsaak word deur ’n handeling of late waarvoor nie een van die partye ingevolge hierdie huurkontrak of regtens verantwoordelik is nie, word die ander party nie belet vanweë enige van die voorgaande bepalings van hierdie klousule om enige alternatiewe of bykomende aksiegrond of remedie wat onder die omstandighede, hetsy ingevolge hierdie huurkontrak of regtens, tot sy beskikking is te gebruik of uit te oefen nie.

17. SPESIALE REMEDIE WEENS KONTRAKBREUK

17.1 Indien die HUURDER versuim wat betref enige betaling verskuldig kragtens hierdie huurkontrak of kontrakbreuk pleeg ten opsigte van die bedinge daarvan op enige ander wyse, en nalaat om so ’n versuim of kontrakbreuk reg te stel binne tien (10) dae nadat ’n skriftelike eis dat dit reggestel moet word ontvang is, is die VERHUURDER geregtig, sonder benadeling van enige alternatiewe of bykomende aksiegrond of remedie beskikbaar vir die VERHUURDER onder die omstandighede, om hierdie huurkontrak sonder verdere kennisgewing met onmiddellike ingang te kanselleer, om die EIENDOM terug te neem en om van die HUURDER skadevergoeding te verhaal vir die versuim of kontrakbreuk en die kansellasie van hierdie huurkontrak.

17.2 Klousule 17.1 moet nie so uitgelê word dat die gewone regmatige gevolge van kontrakbreuk ten opsigte van hierdie huurkontrak deur enigeen van die partye uitgesluit word nie (behalwe enige sodanige gevolge wat uitdruklik uitgesluit is deur enige van die ander bepalings van hierdie huurkontrak) en, in die besonder, enige reg van kansellasie van hierdie huurkontrak op grond van ’n wesentlike kontrakbreuk wat die kern van hierdie huurkontrak raak.

17.3 Indien die VERHUURDER hierdie huurkontrak regmatig gekanselleer het, maar die HUURDER die EIENDOM bly okkupeer, met of sonder om die kansellasie te betwis, en voortgaan om betalings van huurgeld en enige ander bedrae wat aan die VERHUURDER betaalbaar sou wees

indien die kansellasie nie plaasgevind het nie aan te bied, kan die VERHUURDER sodanige betalings aanvaar sonder benadeling van en sonder om die kansellasie te raak, in alle opsigte asof hulle betalings was weens die skade gely deur die VERHUURDER vanweë die onregmatige besetting aan die kant van die HUURDER.

18. NUWE HUURDERS EN KOPERS

Die HUURDER moet te alle redelike tye

18.1 gedurende die Huurtydperk voornemende kopers van die EIENDOM; en

18.2 gedurende die Huurtydperk, voornemende huurders of kopers van die EIENDOM, toelaat om die EIENDOM binne te gaan en te besigtig.

19. DOMICILIUM EN KENNISGEWINGS

19.1 Die Partye kies hiermee as hulle onderskeie domicilium citandi et executandi vir die doeleindes van enige regsproses en vir die doeleindes van die gee of versending van enige kennisgewing ingevolge die bepalings van hierdie ooreenkoms, die volgende adresse:

Die VERHUURDER

Fisiese adres	e-pos
Dan Pienaarstraat 19	
Ladybrand	helens@ovk.co.za
9745	

Regskennisgewings moet gestuur word na regsdienste@ovk.co.za en ovk@ovk.co.za gemerk vir die aandag van die Bestuurder: Interne Regsdienste.

Die HUURDER

Fisiese adres	e-pos
_____	_____
_____	

_____

_____

Op voorwaarde dat ‘n party van tyd tot tyd enige van sy adresse kan verander na ‘n ander fisiese adres of e-pos adres, binne die Republiek van Suid-Afrika deur aan die ander party skriftelik kennis te gee van sodanige verandering. Sodanige verandering van adres sal van krag wees sewe dae na ontvangs van kennisgewing van wysiging van domicilium.

19.2 Alle kennisgewing gegee in terme van hierdie ooreenkoms, sal skriftelik wees en sal:

19.2.1 Indien per hand afgelewer word gedurende normale besigheidsure, geag sal word ontvang te gewees het op die datum van aflewering; of

19.2.2 Indien gestuur per e-pos geag ontvang te wees op die eerste besigheidsdag wat volg op die dag van versending.

20. VOLLE OOREENKOMS

20.1 Hierdie huurkontrak is die volle ooreenkoms tussen die Partye.

20.2 Nie een van die partye maak by die aangaan van hierdie ooreenkoms staat op enige waarborge, voorstellings, openbaarmakings of meningsuitings wat nie by hierdie ooreenkoms as waarborge of ondernemings ingesluit is nie.

20.3 ’n Verandering of ooreengekome kansellasie van hierdie ooreenkoms sal nie enige krag of uitwerking hê nie, tensy dit op skrif gestel en deur albei partye geteken is.

21. WAARBORG VAN BEVOEGDHEID

Die persone wat hierdie huurkontrak namens die VERHUURDER en die HUURDER teken waarborg uitdruklik hulle bevoegdheid om dit te doen.

22. VERKOOP VAN EIENDOM

Die geldigheid van hierdie huurkontrak word nie op enige wyse geraak deur die oordrag van die

EIENDOM vanaf die VERHUURDER as gevolg van die verkoop daarvan nie. Dit bly gevolglik, ná registrasie van oordrag van die EIENDOM in die naam van die koper, ten volle van krag behalwe dat die koper dan intree as VERHUURDER en al die regte bekom en aanspreeklik word om al die verpligtinge na te kom wat die VERHUURDER, as VERHUURDER, geniet het of aanspreeklik was om na te kom ten gunste van die HUURDER, ingevolge die huurkontrak.

23. WETGEWING

Suid-Afrikaanse wetgewing sal van toepassing wees in die beregting of interpretasie van hierdie ooreenkoms.

24. JURISDIKSIE

Regstappe kan in enige bevoegde Suid-Afrikaanse hof met jurisdiksie ingestel word.

25. NAVRAE TE KREDIETBURO

Die HUURDER magtig hiermee die VERHUURDER om navraag te doen by enige kredietburo aangaande enige rekords gehou deur sodanige kredietburo's en om 'n krediet profiel, en kredietwaardigheidsverslag van die kredietburo aan te vra.

26. PERSOONLIKE INLIGTING

26.1 Die HUURDER-

26.1.1 Bevestig, erken en stem toe dat die VERHUURDER toegang mag verkry tot die HUURDER se persoonlike en konfidensiële inligting gedurende die termyn van hierdie ooreenkoms en dat sodanige inligting binne die trefwydte van POPIA mag val. Die HUURDER gee hiermee verder vir die VERHUURDER toestemming om die persoonlike inligting te versamel, gebruik en prosesseer -

i) vir doeleindes van oorweging en hantering van hierdie ooreenkoms;

ii) vir die doel om ons verhouding te reguleer vir die termyn van die ooreenkoms;

en welke persoonlike inligting deur die VERHUURDER versamel, bewaar, gebruik, geprosesseer, verwyder of vernietig mag word, soos die konteks en omstandighede mag vereis en soos beoog in POPIA vir die duur van die ooreenkoms of soos deur wetgewing vereis.

26.1.2 Erken hiermee dat die persoonlike inligting vrywilliglik aan die VERHUURDER verskaf word en toestemming aan die VERHUURDER verleen word om die inligting te prosesseer in lyn met POPIA, vir enige doel wat verband hou met hierdie ooreenkoms.

26.1.3 Erken en bevestig dat die HUURDER die doel verstaan waarvoor die VERHUURDER die persoonlike inligting benodig en dat die HUURDER die betekenis en omvang van die bekendmaking van persoonlike inligting soos hierin beoog ten volle begryp.

26.1.4 Erken dat die HUURDER geregtig is om redelike toegang te vra tot die persoonlike inligting wat deur die VERHUURDER gehou word ingevolge artikels 23 en 24 van POPIA, asook geregtig is om te versoek dat sodanige persoonlike inligting gewysig, verwyder en/of reggestel word, soos die omstandighede mag vereis.

Geteken te op hierdie dag van 20___.

AS GETUIES

1 .....

2 ....

HUURDER

Geteken te op hierdie dag van 20____.

AS GETUIES

1 .....

2 ....

VERHUURDER